DIE KRAG VAN GEREGTIGHEID

KENNETH COPELAND

KENNETH COPELAND

Die Krag van Geregtigheid

K E N N E T H
C O P E L A N D
P U B L I C A T I O N S

© Buiten waar anders aangedui, kom aanhalings uit *1953 Afrikaanse vertaling* van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

.

Die Krag van Geregtigheid

30-0005A

© 2006 Kenneth Copeland Ministries, Incorporated

Kenneth Copeland Publications

Fort Worth, Texas, 76192-0001

Vir meer inligting oor Kenneth Copeland Ministries, skakel +27 (11) 699 7700 of besoek www.kcm.org

Gedruk in die Republiek van Suid Afrika. Alle regte gereserveer onder Internationale Kopie reg. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer of versend word in enige vorm of deur enige medium, elektronies of meganies, insluitende foto kopiering, opnames, of enige ander informasie storing en herwinnings system, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer.

Inhoudsopgawe

‘n Boodskap van Kenneth Copeland
7
hoofstukeen
Die krag van geregtigheid
12
hoofstuktwee
Aangeneem in die Geliefde
16
hoofstukdrie
Sondebewustheid
22
hoofstukvier
Geloof in jou geregtigheid
28
hoofstukvyf
Eensgesindheid met God
33
hoofstukses
Die gawe van geregtigheid
40
hoofstuksewe
Ontwikkel geregtigheidsdenke
45
hoofstukagt
Sukses in geregtigheid
52
hoofstuknege
Die voordele van geregtigheid
58
hoofstuktien
Die triomf van geregtigheid

‘n Boodskap van

Kenneth Copeland

Ek glo die een ding wat meer Christene in gebondenheid hou as enigiets anders, is ‘n gebrekkige kennis van geregtigheid. Ongelukkig het ons oor die jare godsdienstige woorde en terme ontwikkel waaraan ons totaal verskillende betekenisse in die kerk en in ons daaglikse lewens heg. Geregtigheid is een van daardie woorde.

God se verlossingsplan sou waardeloos wees vir sondige mense as dit nie die krag van geregtigheid ingesluit het nie. Hierdie geregtigheid is die sleutelwoord in die openbaring wat die apostel Paulus van Jesus ontvang het.

Ek glo as jy hierdie boek lees, sal jy verstaan hoekom dit my meer opgewonde maak om oor God se geregtigheid en die krag daarvan in ‘n gelowige se lewe te preek as oor enigiets anders.

hoofstukeen

Die Krag van Geregtigheid

Die krag van geregtigheid

Daarom, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen. Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. (2 Korinthiërs 5:17-21)

Enigiemand wat in Christus is, is ‘n nuwe skepsel, of skepping. (Die oorspronklike Grieks beteken letterlik hy is ‘n nuwe spesie wat nog nooit voorheen bestaan het nie.) Hy is in totaliteit herskep. Die ou dinge is verby, alles is nuut, en alles is uit God – nie deels van God en deels van Satan nie. Party mense dink ‘n Christen is soos ‘n skisofreen – dat hy beide die karakter van God en die karakter van Satan in hom het – maar dit is nie so nie.

Enigiemand wat in Christus is, is ‘n nuwe skepsel, of skepping.

Met jou wedergeboorte word jou gees ten volle hergebore. Dan word dit jou verantwoordelikheid om jou gedagtes volgens God se Woord te vernuwe en om beheer te neem oor jou liggaam.

Paulus het aan die gelowiges in Rome, wat wedergebore, Geesvervulde Christene was, gesê hulle moet hulle gedagtes met die Woord vernuwe (Romeine 12:2). Hulle geloof was aan almal bekend, maar hulle het nog nie geleer hoe om hulle gedagtes en liggame met die Woord te beheer nie. Hy het ook in dieselfde trant aan die kerk in Efése geskryf: “Julle moet julle met die nuwe mens beklee en ophou om leuens te vertel en lelik met mekaar te wees” (Efésiërs 4:24-25). Al hierdie mense was gelowiges – wedergebore (hulle was die

geregtigheid van God), maar tog het die meeste van hulle dit nie besef nie!

In 2 Korinthiërs 5:21 lees ons dat God Jesus, wat geen sonde geken het nie, sonde gemaak het, sodat "*ons kan word geregtigheid van God in Hom*". As gelowiges in Jesus Christus is ons die geregtigheid van God self!

Wat is *geregtigheid*? Dis nie vroomheid of iets wat jy self kan verwerf nie. Geregtigheid is 'n geskenk van God, wat Jesus Christus deur God se genade op Golgota vir jou voorsien het. Ek verwys nie nou na jou eie geregtigheid nie. Die Bybel sê al ons eie geregtigheid is "*soos 'n besoedelde kleed*" (Jesaja 64:6) voor God. Ons het *God se* geregtigheid in Jesus Christus ontvang.

Heiligheid is jou gedrag; geregtigheid is wat jy is – die karakter van God.

In ons tradisionele denke het ons *geregtigheid* met *heiligheid* begin verwar. Mense dink geregtigheid is hoe jy optree, maar dit is nie. *Heiligheid* is jou gedrag; geregtigheid is wat jy *is* – die karakter van God.

Kom ek stel dit duideliker. Die woord 'geregtigheid' beteken letterlik 'in goeie of regte stand'. Ons is op goeie voet met God. Jesus is die Bemiddelaar tussen God en

die mens. Wanneer iemand Jesus aanneem, word hy wedergebore. Hy betree God se koninkryk as God se eie kind en mede-erfgenaam van Jesus Christus. Gevolglik is daar sekere regte, voorregte en vryhede wat ons as kinders van God het, juis omdat ons op goeie voet met Hom is.

hoofstuktwee

Aangeeem in die Geliefde

Aangeneem in die Geliefde

Ons kom nie op goeie voet (in die regte verhouding) met God deur goeie gedrag nie. Ons kom daar deur geloof in Jesus Christus en sy verlossingswerk op Golgota. Wanneer ons Jesus se offer aanvaar en Hom die Here van ons lewens maak, neem God ons aan. Hy moet! Jy sien, God het reeds Jesus se werk aan die kruis aanvaar. Hy het dit as goed be-oordeel, Jesus verheerlik en Hom aan sy regterkant laat sit in die hemel. Hy noem Jesus “God” en het Hom aangestel in die hoogste posisie in die heelal. Daarom is die Vader verplig om ons aan te neem wanneer ons Jesus aanneem. Ons gedrag het absoluut niks daarmee te doen nie.

Kom ons kyk na 2 Korinthiërs 5:19: “*… dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het* ***deur hulle hul misdade nie toe te reken nie****…”* Met ander woorde,

God hou nie ons sondes en oortredings teen ons nie.

Die volle evangelie is nog selde verkondig – ons hoor gewoonlik net dele daarvan. Ons het gehoor dat God eers ‘n sondaar sal vergewe as hy sy sonde bely, maar dit is nie waar nie. God het lankal reeds vergifnis voorsien en hou nie ons oortredings teen ons nie. Hierdie lering rondom belydenis is gegrond op 1 Johannes 1:9: “*As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe…”* Maar hierdie brief is aan Christene geskryf om hulle te leer hoe om in gemeenskap met God te bly.

Die apostel Johannes skryf in 1 Johannes 2:1-2: “*My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ‘n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is ‘n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.”*

Johannes verwys hier na ‘n Christen se sonde en verduidelik vir sy medegelowiges hoe om deel te hê aan Jesus se bediening as Bemiddelaar. Johannes 3:16 sê: *“Want so lief het God **die wêreld** gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het…”.* God het ons liefgehad en Jesus het Homself gegee *terwyl ons nog in sonde was*. God hou geen oortreding teen ons nie. Hy vra ons

om Jesus die Here van ons lewens te maak. Hy aanvaar ons op grond van Jesus se regte verhouding met Hom en ken dan dieselfde verhouding aan ons toe. Die enigste sonde wat enigiemand uit die koninkryk van God kan hou, is die sonde om Jesus, en wat Hy vir jou gedoen het, te verwerp (Johannes 16:9).

Hy aanvaar ons op grond van Jesus se regte verhouding met Hom en ken dan dieselfde verhouding aan ons toe.

As ‘n Suid-Afrikaanse burger het jy sekere regte wat in die Grondwet vervat is. Solank jy die landswette gehoorsaam, is jy in die regte verhouding met die Suid-Afrikaanse regering. Dieselfde is waar van God: as ‘n gelowige is jy ‘n burger van God se koninkryk en het jy aanspraak op alles in die koninkryk. Daar is ‘n verbond tussen Jesus en die Vader, onderteken met die bloed van die Lam, wat al hierdie regte aan jou toeken. As Jesus jou Here is, dan is jy in die regte verhouding met God – jy het die geregtigheid van God (of jy dit nou besef of nie). Jy het aanspraak op alles wat God het. Verstommend, maar waar! Jesus het gesê: *“Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het ‘n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee”* (Lukas 12:32).

hoofstukdrie

Sondebewustheid

Sondebewustheid

“Want die wet, wat ‘n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.” (Hebreërs 10:1)

Onder die Levitiese wet moes ‘n dier elke 12 maande geoffer word om vir die mense se sondes boete te doen. Die woord ‘boetedoening’ beteken ‘om te bedek’. Om die waarheid te sê, dié woord word nie in die oorspronklike Griekse Nuwe Testament gebruik om na Jesus se offer te verwys nie.

Die woord wat as ‘boetedoening’ vertaal word, beteken in werklikheid ‘kwytskeld’ of ‘wegdoen met’. Die

Ou-Testamentiese offers kon nie sonde wegneem nie, maar het dit bloot bedek vir ‘n jaar. Jesus se bloed *bedek* nie net sonde nie, maar wis dit uit – doen geheel en al weg daarmee!

Jesus se bloed bedek nie net sonde nie, maar wis dit uit.

Met hierdie agtergrond, kom ons lees Hebreërs 10:2: “*Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat nie diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie.”* As die bloed van kalwers en bokke hulle kon reinig van sonde, sou hulle geen sondebewustheid of sondegewete meer gehad het nie.

Sondebewustheid lei tot ‘n gevoel van neerlaag en tot valse nederigheid. Dit is minderwaardigheid wat met nederigheid verwar word. Die Here het nie gesê: “Moet niks van jouself dink nie”. Hy het gesê: “Ag ander hoër as jouself”. Dit beteken dat, selfs al neem jy jou posisie van geregtigheid in, jy jou medegelowige hoër as jouself moet ag; dan sal sodat julle albei verhoog word. As jy jouself afmaak, ag jy jouself laer as wat jy is.

As jy Christene sou vra: “Is jy geregverdig?” sou die meeste van hulle antwoord: “Ek? Nooit!” Hulle probeer nederig wees. Hulle dink God sal nie daarvan hou as

hulle sê hulle is geregverdig nie. In werklikheid praat hulle vanuit hulle gevoelens en hoe hulle geleer is – vanuit onkunde oor wat die Woord oor geregtigheid sê.

Hierdie soort sondebewustheid het gemaak dat ons op sonde gefokus en daaroor gepreek het, in plaas van oor geregtigheid. Eintlik het ons ‘n vorm van veroordeling oor onsself gepreek, terwyl Romeine 8:1 sê: “*Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie…*” Ons het ‘sonde-etikette’ gedra wat ons geestelike groei belemmer het.

Elke keer wanneer jy op jou pad na die geregtigheid van God vorder, spring Satan voor jou in en sê: “Onthou jy die verkeerde dinge wat jy gedoen het? Moenie dink God sal daarvan vergeet nie! Wie dink jy is jy? Jy is te sleg om na God toe te kom!” Maar die Woord sê Jesus se bloed het ons van alle sonde gereinig – dit bestaan nie meer nie – en daarom behoort ons in Jesus se Naam die sondebewustheid uit te dryf.

Wat bedoel ek met ‘sonde-etikette’? ‘n Goeie voorbeeld is: “Wel, ek is maar net ‘n sondaar wat uit genade gered is”. Nee, jy *was* ‘n sondaar – toe is jy uit genade gered. Jy is nou ‘n wedergebore kind van God!

Die meeste mense ken die teksvers: “*… want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God…*” (Romeine 3:23). Hierdie vers is al oor en oor

gebruik om teen sonde te preek. Maar die apostel Paulus het dié brief aan die Romeine geskryf juis om hulle van geregtigheid te leer. Kom ons lees die hele gedeelte:

> “Maar nou is die geregtigheid van God geopenbaar sonder die wet, terwyl die wet
> en die profete daarvan getuig, die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie; want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as ‘n versoening deur die geloof,
> om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God – om sy geregtigheid te toon in die teenwoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.” (Romeine 3:21-26)

Jy ag jou medegelowige hoër as jouself moet ag; dan sal sodat julle albei verhoog word.

Daar is een sin wat klem lê op sonde. Deur

sondebewustheid het ons hierdie een sin – die enigste vers wat nie na geregtigheid verwys nie – geneem en gepreek sonder om enigsins na die ander verse te verwys. Gevolglik weet almal van sonde, maar min weet van die geregtigheid van God. Ons is deeglik bewus van *waaruit* ons gebore is, maar ons het geen idee *waarin* ons gebore is nie! Kolossense 1:12-13 sê: "*… en die Vader mag dank… wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde.*"

hoofstukvier

Geloof in jou Geregtigheid

Geloof in jou geregtigheid

Jy is ‘n wedergebore kind van die lewende God. Dit is tyd dat jy begin glo in jou nuwe geboorte en dit wat Jesus vir jou voorsien het. Jy sal besef dat die Vader jou genooi het om met vrymoedigheid (sonder vrees) met al jou behoeftes en versoeke na sy troon van genade te kom. Die Bybel sê wanneer ons volgens sy wil bid, weet ons dat Hy ons verhoor en dat ons ons versoeke en begeertes ontvang (1 Johannes 5:14-15).

Wanneer ons in Jesus se Naam bid, hoor God ons dadelik. 1 Petrus 3:12 sê: “*Want die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle gebed… Jakobus skryf: Die vurige gebed van ‘n regverdige het groot krag*. “(Jakobus 5:16).

Die volgende gebed is ‘n voorbeeld van ‘n geregtigheidsbewussyn:

Vader, ek sien in u Woord dat ek die geregtigheid van God in Christus Jesus gemaak is. Hy het sekere regte aan my voorsien, en genesing is een daarvan. Ek ontvang dit nou in Jesus se Naam en ek dank U daarvoor. U Woord sê ook dat U getrou en regverdig is om al my sondes te vergewe wanneer ek dit bely. Ek gebruik nou die geleentheid om hierdie sondes te bely en dit uit my lewe te kry, sodat ek in ‘n nabye verhouding met U kan staan. Ek ontvang u vergifnis nou in Jesus se Naam. Ek voel *dalk nie regverdig nie – ek* voel *dalk nie vergewe nie – maar u Woord sê ek is, en daarom weet ek dit is so. Satan, ek trek nou die borswapen van geregtigheid aan en weerstaan jou met die swaard van die Gees. Genesing kom my toe. My liggaam behoort aan die God van die heelal. Ek het my liggaam vir Hom gegee – so, in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, vat jou siektes en kwale en los my uit!*

‘n Geregtigheids-bewussyn verwag dat God se Woord waar is en beplan dus vir sukses.

Jy het die *reg* om te verwag dat jou hemelse Pa sal antwoord. Jy het nie in jou eie naam gebid nie – jy het in

Jesus se Naam gebid. Sy geregtigheid (regte verhouding met God) is ook joune! ‘n Geregtigheidsbewussyn verwag dat God se Woord Hierdie soort gebed plaas groot druk op die geesteswêreld, en bring resultate in die fisiese wêreld! Nadat jy tot God gebid het en oor Satan gesag geneem het, behoort jy oor jou eie liggaam gesag te neem. Praat met jou liggaam in Jesus se Naam en beveel dit om in lyn te kom met die Woord van God, wat sê dat dit reeds genees is deur die wonde van Jesus. Ek het dit gedoen en my liggaam het onmiddellik daarop gereageer. Onthou, *die geesteswêreld beheer die fisiese wêreld*. ‘n Gees het alles geskep – sy Naam is die Almagtige God, en Hy is jou Pa! Dit gaan alles oor die geregtigheid van God! Dit is tyd om die Woord van God te glo. Besef jy daar is nie meer ‘n sondeprobleem nie? Jesus het dit opgelos! Hy het die wet van sonde en die dood met sy kruisiging en opstanding beëindig. Wanneer ‘n persoon gered word, word hy in die regte verhouding met God geplaas en deur die Gees van God herskep asof sonde *nooit* bestaan het nie! Die enigste probleem

wat ons het, is die sondaarsprobleem. Dit is die mens se keuse. Al wat ons moet doen, is om geregtigheid te kies en weg te stap van die sondeprobleem.

Wanneer 'n persoon gered word, word hy in die regte verhouding met God geplaas en deur die Gees van God herskep asof sonde nooit bestaan het nie!

Dit is tyd om volgens hierdie openbaring te begin leef. Jy *was* 'n sondaar – jy *is* vergewe – en jy is nou sy handewerk, in Christus Jesus geskep! Staan vas in hierdie wete, en vergeet van jou verlede. Sover dit God aangaan, is jou verlede verby en vergete. Nou moet *jy* dit net vergeet!

Jou verlede het aan die kruis gesterf. In Galásiërs 2:20 stel die apostel Paulus dit so: "*Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my."* Terwyl ek een dag Bybel gelees het, het ek op 2 Korinthiërs 7:2 afgekom waar die apostel Paulus aan die kerk in Korinthe skryf: "*Maak vir ons ruimte in julle harte. Ons het niemand onreg aangedoen nie, ons het niemand benadeel nie, ons het op niemand voordeel behaal nie.* "Toe ek dit lees, was ek verras, en sê: "Here, hier vang ek Paulus uit waar hy 'n leuen vertel! Ek *weet* hy het mense benadeel en onreg aangedoen. Hy het die

Christene vervolg en sonder rede in die tronk laat opsluit. Hy het gestaan en toekyk toe Stefanus gestenig is." Maar God se Gees het my sterk in my hart aangespreek en gesê: "Pasop wie jy 'n leuenaar noem! Die man van wie jy praat het gesterf op die pad na Damaskus!"

Jy sien, die apostel Paulus kon met 'n skoon gewete en met volkome vryheid in sy gees aan die kerk in Korinthe skryf: "Ons het niemand kwaad aangedoen nie… ons het niemand benadeel nie."

Paulus het die krag van die evangelie verstaan wat hom opgewek het toe hy dood was in sy sondes en oortredings. Hy het die feit aanvaar dat hy 'n nuwe skepping in Christus Jesus is – dat sy ou gees dood en weg is; dat sy sonde van die verlede vergewe en vergete is. Paulus is uit God gebore en die krag van geregtigheid was aan die werk in sy lewe.

hoofstukvyf

Eensgesindheid met God

Eensgesindheid met God

Ons het reeds na die feit verwys dat Jesus bewus was van sy regte – sy geregtigheid – by God. Hy het Hom tydens sy aardse bediening heeltemal hierop verlaat. Hy het alles gedoen wat die Vader vir Hom gesê het om te doen. Hier is die sleutel tot bediening: die Vader was in Jesus en Jesus was in die Vader – *hulle was Een.* Jesus se wil was in ooreenstemming met die Vader se wil. Hulle handel en wandel was in totale harmonie. Dit is hoe gelowiges voor God moet leef – nie met sy wil wat ons s'n buig of ons s'n wat teen Syne bots nie, maar albei se wil wat in ooreenstemming met mekaar is.

Eensgesindheid met God is 'n baie hoër lewenswyse as om ons bloot aan Hom te onderwerp. As jy eensgesind is met God en sy wil, en doen wat Hy sê, sal jy 'n punt bereik waar jy geheel en al op jou posisie van geregtigheid voor Hom sal wil steun. Dan sal jy, soos

Jesus, nie huiwer om jou hande op die siekes te lê en te verwag dat God hulle sal genees nie. Jy as God se kind en mede-erfgenaam van Jesus sal jou regte vryelik in God se koninkryk beoefen.

As jy geheel en al op jou posisie van geregtigheid voor Hom sal steun dan sal jy, soos Jesus, nie huiwer om jou hande op die siekes te lê en te verwag dat God hulle sal genees nie.

God kyk na jou deur die bloed van die Lam en Hy sien jou soos Hy Jesus sien. Dit is meer as wat ons kan begryp, maar dis die waarheid! Ek kan dit bewys uit Jesus se gebede. Jesus het geweet hoe om te bid, en as daar iemand was wie se gebede beantwoord is, was dit Jesus. Daarom sal dit ons baat om ‘n paar van hierdie gebede te ontleed.

In Johannes 17:20-21 bid Jesus tot God gedurende ‘n beslissende tyd in sy aardse bediening, kort voor Golgota: *“Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo…”* (vers 20). Dit sluit jou en my in, omdat ons Jesus aangeneem het – direk of indirek deur die woorde van een of meer van hierdie dissipels van wie Jesus praat.

Jesus verwys verder na ons wanneer Hy bid: *“dat*

almal een mag wees ***net soos U, Vader, in My en Ek in U****…"* (vers 21).

Hierdie is die voorbeeld wat ons moet volg om een te wees met mekaar, eensgesind met mekaar en eensgesind met Jesus. Ons moet een wees met die Vader soos Jesus een was met Hom. 1 Korinthiërs 6:17 sê: "*Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom."*

Die Heilige Gees is die lewenskrag van God, en Hy leef in die gelowige se hart. Ons ontvang ons lewe van Hom. Soos Jesus ons leer in Johannes 15:5, is Hy die wingerdstok en ons is die lote. Prys die Here!

Wanneer jy volgens hierdie dinge begin leef en in jou geregtigheid begin optree, sal jy besef dat baie van die verskille wat die Liggaam van Christus nou al vir jare verdeel, eintlik dwaas en onbelangrik is. Ons het al oor die belaglikste dinge onder mekaar gekibbel en baklei.

Hy sien jou gelyk aan Jesus, sonder enige verskil.

In Johannes 17:23 bid Jesus voorts dat die Vader hulle (toekomstige gelowiges wat ons insluit) sal wys dat Hy *"… hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het".* God het jou net so lief as vir Jesus! Hy sien jou gelyk aan Jesus, sonder enige verskil. Begin om jouself te sien soos God jou sien en trek voordeel uit sy gratis geskenk van

geregtigheid. Jou geregtigheid is teen ‘n baie hoë prys bekom… moet dit nie geringskat nie! Die Vader het ‘n familie begeer, en Jesus het Homself gegee sodat hierdie begeerte vervul kon word. Wat ‘n liefdesdaad!

hoofstukses

Die gawe van Geregtigheid

Die gawe van geregtigheid

“Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus… Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.” (Romeine 5:17,19).

Ons het al in so baie preke gehoor: “*Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.”* Dit kom uit Romeine 3:10, maar jy moet die *hele* boek lees. In die eerste drie hoofstukke van Romeine skryf die apostel Paulus, deur die Heilige Gees, oor ‘n ernstige aanklag teen die mens – dat daar nie een regverdig is nie – en dis die waarheid!

Maar, soos ons al voorheen gesê het, verduidelik Paulus dat ons geregtigheid nie deur die wet of deur ons goeie werke kom nie. Dit kom net deur geloof in Jesus Christus en is "*vir almal en oor almal wat glo...*" (Romeine 3:22).

Ons lees in Romeine 5:17 dat dit deur die mens se oortreding – Adam se verraad – is dat die dood in die wêreld begin heers het. Satan het die heerser oor die mensdom geword, en alles wat die mens doen, is in reaksie op vrees – vrees vir die dood, vir teëspoed, vir mislukking.

Daar is oorgenoeg dood in die wêreld, maar hierdie vers sê: "*… **veel meer** sal hulle wat die **oorvloed** van die **genade** en van die gawe van die **geregtigheid** ontvang, in die lewe heers deur dié Een, Jesus Christus.*"

Prys die Here!

Die krag van geregtigheid oorrompel die krag van sonde en die dood.

Jesus het die geskenk van geregtigheid gebring, wat by verre *meer lewend, meer werklik en meer* oorvloedig as die dood is. Soos die apostel Paulus gesê het: "Dood, waar is jou angel?"1 Korinthiërs 15:55). Die krag van geregtigheid oorrompel die krag van sonde en die dood

soos ‘n groot vuur ‘n waterdruppel verteer. Ons as die geregverdiges in Jesus Christus het meer krag in ons lewens as wat Satan oor ons gehad het toe ons nog in sonde was.

Romeine 5:17 sê: “*… veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.”* Wanneer jy Jesus die Here van jou lewe maak, ontvang jy oorvloedige genade en die geskenk van geregtigheid om jou in staat te stel om hier op aarde as ‘n koning te heers! Jy kan in die posisie van heerskappy in jou lewe wees en oor jou omstandighede heers net soos ‘n koning oor sy koninkryk heers.

Die gelowige moet leer om op sy gawe van geregtigheid te vertrou en daarop te steun. Dit is een van die eerste dinge wat die Woord van God my geleer het. Satan het my probeer wysmaak dat ek nie ‘n reg het om genees te word nie. Hy het ook gesê ek het geen reg om met die Heilige Gees vervul te word nie, en dat ek beslis nie die reg het om ander in nood te bedien nie. En as ek op daardie oomblik net ‘n bietjie sondig gevoel het, het ek met hom saamgestem.

Eintlik het ek nie eens besef dit is Satan wat al dié dinge vir my sê nie. Ek het gedink dis my eie gedagtes. Toe sien ek in die Woord dat ek ‘n reg op al hierdie dinge

het, eenvoudig omdat Jesus my daardie reg gegee het, en ek sien dat ek die geregtigheid van God gemaak is.

Besef jy regtig wat dit beteken om ‘die geregtigheid van God’ te wees? Jy moet daaroor besin om die volle werklikheid daarvan te besef. Die kind of erfgenaam van ‘n koning het dieselfde regte en voorregte as die koning self, omdat hy uit die koning gebore is. Die apostel Paulus skryf dat, al is die erfgenaam nog ‘n kind wat opgevoed moet word, is hy nogtans die koning van die land en het hy die gesag om te regeer (Galásiërs 4:1-2).

Die Bybel sê dat, toe jy wedergebore is, jy been van God se gebeente geword het. Jy het regte en voorregte omdat jy uit die Gees van God gebore is. God het Homself in jou gereproduseer! Hierdie regte is joune, omdat Jesus van Nasaret die prys vir jou sonde betaal het en jou laat wedergebore word het.

Adam was uit God gebore. As jy in Génesis lees, sal jy sien dat God Adam se liggaam geskep het en toe die asem van die lewe in hom ingeblaas het (Génesis 2:7). Adam was leweloos totdat God lewe in hom ingeblaas het. Sy lewe het uit God gekom, en dit is presies wat met jou wedergeboorte met jou gebeur het. Jy was dood vanweë jou sonde en oortredings, totdat God jou gees herskep en jou sy lewe gegee het. Toe jy Jesus se offer aanvaar het, het God se Gees oor jou beweeg, en ‘n

nuwe gees-lewe, wat nooit voorheen bestaan het nie, is in jou gebore.

Wanneer jy ontdek wie jy in Jesus is, sal jou hele lewe – jou gesondheid, jou finansies, jou sosiale lewe – nuwe betekenis kry. Die storms van die lewe moet wyk voor die krag van die Heilige Gees wat in jou woon, en die krag van die Woord wat jy op hulle toepas. Jy kan heers as ‘n koning, onder die heerskappy van jou Here en Verlosser Jesus Christus van Nasaret! Halleluja!

God het jou die mag en krag van die Heilige Gees Jesus as jou Here om nasies en regerings regoor die wêreld te verander.

Dit is hoe God jou sien. Hy verwag van jou om jou regmatige plek in te neem en bo armsaligheid uit te troon. As ‘n gelowige het jy die mag en krag van die Heilige Gees as jou Trooster en Jesus Christus as jou Here en Hoëpriester om nasies en regerings regoor die wêreld te verander.

Neem die Nuwe Testament ernstig op! Glo dit en leef daarvolgens. Steun op die geregtigheid wat God so vryelik vir jou gegee het. Jy sal ontdek dat alles vir jou as gelowige moontlik is. Jy sal kan sê: “Sonder Hom kan ek niks doen nie, maar dank die Here: ek het *Hom*, en ek is

tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee” (Filippense 4:13). Namate jou lewe deur die Heilige Gees gevorm word, sal dit ‘n getuienis van krag en sterkte word.

As ‘n wedergebore kind van God moet jy in die oë van die wêreld soos ‘n superwese wees wat die Woord van Lewe uitdra. Wanneer jy deur moeilike tye gaan, sal jy nie knak nie – jy sal bly staan en oorwin. Met jou hand in Jesus s’n sal jy deur lewenstorms gaan en as oorwinnaar uit die stryd tree!

God bring nie die moeilike tye en storms oor jou pad nie – Hy neem jou *daardeur* en verlos jou daarvan. Satan bring dit oor jou om jou te keer om op die Woord te reageer en jou geregtigheid in Jesus Christus te beoefen. Satan weet hoe gevaarlik die Woord en geregtigheid as geestelike wapens in ‘n gelowige se hande is; daarom is hy gedurig besig om hulle minder doeltreffend te probeer maak.

hoofstuksewe

Word Geregtigheids-bewus

Word geregtigheidsbewus

Paulus sê in 1 Korinthiërs 15:24: “Ontwaak tot geregtigheid, en moenie sondig nie” (*Wees nugter op die regte manier, en sondig nie...*) *Ontwaak tot geregtigheid.* Word bewus daarvan dat jy die geregtigheid van God in Jesus Christus is, en dat Jesus se offer op Golgota jou in die regte verhouding met Hom geplaas het. As jy dit doen, sal jy ophou sondig. Solank as wat Satan jou kan oortuig dat jy geen reg op God se dinge het nie, kan hy jou onder sy duim hou en sal sonde jou lewe beheer. Wanneer jy ontwaak tot geregtigheid, sal jy besef dat Satan ‘n verslane vyand is en dat die geveg verby is.

Ontwaak tot geregtigheid… word geregtigheidsbewus! Jy is reeds ten volle toegerus om elke situasie te hanteer wat oor jou pad kom. Jy is veronderstel om in hierdie lewe as ‘n koning te regeer, deur Jesus Christus. Jy moet in eensgesindheid met die Vader leef. Die Almagtige God,

Skepper van die heelal, het besluit om in die vorm van Jesus Christus na jou vlak neer te daal, om deur die Heilige Gees in jou hart te woon, en om aan jou sy geregtigheid, sy vermoë en sy krag te gee – "*omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is"* (1 Johannes 4:4). Prys die Here!

Efésiërs 3:20 sê: "*En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk*... "Toe ek die volle betekenis van hierdie teksvers begin snap, het ek die Heilige Gees se bediening in my lewe begin vertrou. Om die waarheid te sê, die Here het op 'n dag vir my gevra: "Hoeveel vertroue plaas jy in die God binne-in jou?" Op daardie stadium het ek geen vertroue in Hom gehad nie! Ek het gebid en maar *gehoop* God sal iets doen – natuurlik sonder resultate. Dis tóé dat ek die werklikheid van die inwonende Heilige Gees van God begin verstaan het.

Jesus het gesê dat wanneer die Gees van Waarheid sou kom, Hy die dinge van God aan ons sou openbaar (Johannes 16:13-15). God het deur die Heilige Gees in my hart begin openbaar wat die diep waarheid is van die nuwe geboorte en die geregtigheid van God in Jesus Christus. Hy het aan my geopenbaar wat die krag van die Heilige Gees is – God se spierkrag, God se denke, God se alles – en Hy het my gewys hoe hierdie deel van God in elke wedergebore Geesvervulde gelowige leef! Dis toe dat

hierdie waarhede in my gees wortel geskiet het, en ek het geregtigheidsbewus begin word.

Hoe word jy *geregtigheidsbewus*? Romeine 8:5 sê: "*Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge…"* Ons het onsself al baie besig gehou met vleeslike dinge. Spreuke 4:20 leer ons dat ons moet luister na God se Woord. Ons het dit so dikwels in die verlede nie gedoen nie. Ons het *siekte* bedink in plaas van *genesing*… *swakheid* in plaas van *krag*… *probleme* in plaas van *welvaart*… *sonde* in plaas van *geregtigheid*. Ons het aandag gegee aan hierdie dinge – en die krag van God se Woord wat ons van die vlees kon verlos, geïgnoreer.

Hebreërs 5:13 sê: "*Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is."* 'n Baba weet nie hoe om die Bybel te gebruik nie – hoe om te glo of hoe om Satan daarmee te verslaan nie. Vers 14 sê: "*Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei."*

Dit is net deur onsself met die Woord te voed dat ons sal groei, die vlees sal oorkom en in lyn met God sal funksioneer. Ek praat uit ondervinding! Ek was oorgewig en verslaaf aan sigarette. Vir baie jare het ek teen my eie liggaam baklei, met min sukses. Maar toe ek in God se Woord begin groei en in die Gees begin leef, het ek nie

meer die begeertes van die vlees vervul nie. Toe ek begin leer dat ek my vlees kan beheer, het my gewig verminder en die rookgewoonte verbreek.

hoofstukagt

Sukses in Geregtigheid

Sukses in geregtigheid

Die persoon wat *geregtigheid* bedink in plaas van *sonde*, is vir God, homself en die mense rondom hom waardevol. Dieselfde is nie waar van ‘n sondebewuste, neerlaagdenkende Christen nie. Hierdie is ‘n baie bedrieglike strik waarin die meeste mense al een of ander tyd in hulle lewens getrap het, sonder om dit te besef. Ek het die volgende al dikwels gehoor en was al self skuldig daaraan om dit te sê: “Wel, ons bid oor die situasie, en as die deure oopgaan sal ons weet dis die Here se wil; as dit toe bly, dan weet ons dit was nie die Here se wil nie.”

Mense, as hierdie “oop deur” ‘n bewys van God se wil was, dan was die apostel Paulus nooit in God se wil nie! Hy het regdeur sy bediening teenstand en probleme ervaar, maar hy het God se Woord gevat en die deure oopgeforseer en die werk gedoen! Selfs toe hy in die

tronk was, het hy sy weg oopgebid. Hy het sy werk gedoen ten spyte van teenstand.

Sondebewustheid sal altyd vir ‘n *uitkomkans* soek: “Ons het nie genoeg geld om te gaan nie… Ek dink nie ek sal verlof kry by die werk nie…” ‘n Geregtigheids-bewussyn vind altyd ‘n pad *in*. Toe ek in Jamaika bedien het, was daar ’n man wat uit ‘n baie goeie werk bedank het om ons byeenkomste te kan bywoon en die Woord te hoor. Hy het twee keer elke dag ses myl ver geloop om daar te kan wees. Toe ek daaroor hom uitvra, was sy antwoord: “Broer Copeland, ek het vir ‘n jaar gevas en gebid dat God vir ons iemand sou stuur om ons die Woord te leer, en ek gaan nou niks misloop nie! Met wat ek nou oor geloof leer, kan ek ‘n nog beter werk kry!”

‘n Geregtigheids-bewussyn vind altyd ‘n pad in.

Jy sien, dié man was op soek na ‘n pad in! Hy wou meer hê van die dinge van God. Hy het geweet Jesus het gesê: *“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word”* (Matthéüs 6:33).

Nog ‘n area waarin baie mense mislei word, is die ‘om ‘n vliesie uit te gooi’. Die persoon wat ‘n ‘vlies’ uitgooi, maak staat op ‘n *fisiese* teken om God se wil in ‘n

situasie te bepaal.

Gideon in die Bybel het ‘n vlies (wolvelletjie) gebruik, maar kom ons ontleed sy situasie. Eerstens was hy nie wedergebore nie, so hy was afhanklik van fisiese bewyse. Hy het God nie geken nie, want sy familie het Baäl aanbid. Tweedens was daar geen profeet in die land wat God se Woord aan hom kon bring nie. (In daardie dae was profete die enigste bron van openbaringskennis.) Derdens was Gideon in gesprek met ‘n engel – iets totaal vreemds vir hom. Daarom het hy nie ‘n ander keuse gehad nie as om ‘n wolvelletjie uit te gooi sodat hy ‘n fisiese teken kon ontvang om vir hom te wys wat om te doen.

Maar as gelowiges is ek en jy nie in Gideon se posisie nie. Ons is wedergebore en word deur God se Gees gelei. Ons het toegang tot die Heilige Gees en ons het God se geskrewe Woord as gids om God se wil vir ons lewens te vind. As jy nie weet wat om in ‘n spesifieke situasie te doen nie, gaan na God se Woord toe, spandeer tyd in gebed, mediteer oor die Woord, en die Here sal jou begin lei. Hy het gesê: *“My skape luister na my stem…”* (Johannes 10:27).

Onder leiding van die Heilige Gees sal jy weet wat om te doen. Ons hoef nie op fisiese tekens te vertrou om ons te lei nie. Ons is nie blind nie. Ons het geestelike oë en

ons moet dit gebruik! Wanneer jy ‘n fisiese ‘vlies’ uitgooi, gee jy vir Satan die geleentheid om alles deurmekaar te krap, want die fisiese wêreld is sy werksplek.

Hier is ‘n driestapformule wat, as jy dit met erns gebruik, na sukses op elke gebied van jou lewe sal lei. Niks kan dit keer nie! Alles wat ‘n Christen doen, sal slaag as hy hierdie stappe volg, want hulle word deur God gerugsteun!

1. *Vind God se wil in jou situasie deur gebed en meditasie in die Woord*.
2. *Wanneer jy sy wil gevind het, moenie meer vlees en bloed raadpleeg nie.* Moenie ander vra wat om te doen nie. Ek mag dalk iets met my vrou of my personeel bespreek, maar wanneer ons daaroor gebid het en ek weet wat God se wil is, maak dit nie saak wat mense daarvan dink of daaroor sê nie.
3. *Voltooi daardie taak ten alle koste*. Moenie toelaat dat enigiemand of enigiets in die pad van God se wil kom nie.

Vir ‘n gelowige om suksesvol te wees, moet hy besef hy het volle toegang tot Jesus se bediening. Jesus sê in Johannes 16:13-15: *“Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid… Hy sal dit neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat*

aan My behoort, en aan julle verkondig." Wat ‘n stelling! Dis amper te veel vir die menslike verstand om te verwerk.

Die Gees van God is vir ‘n aardse bediening gestuur en is net so wettig en werklik soos Jesus se aardse bediening. Jesus het gekom om vir ons ‘n Weg te baan; die Heilige Gees het gekom om ons die Weg te wys. Jesus het gekom om die Verbond met Abraham te vervul. Die Heilige Gees het gekom om toe te sien dat die Christen-Verbond vervul word.

Die Gees van God het nie Jesus se plek oorgeneem nie – Hy is God die Heilige Gees en Hy vervul sy eie bediening, soos die Vader Hom opdrag gegee het.

As ‘n nuwe skepping in Christus het jy die Naam van Jesus, die Woord van God, en die Gees van God om jou in staat te stel om in Jesus se plek te bedien.

Die Woord van God en die Naam van Jesus het Jesus se plek op aarde ingeneem. Hy het gesê: *“So lank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld”* (Johannes 9:5), en *“… glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan word”* (Johannes 12: 6). As ‘n nuwe skepping in Christus het jy die Naam3 van Jesus, die Woord van God, en die Gees van God om jou in staat te

stel om in Jesus se plek te bedien.

hoofstuknege

Die Voordele van Geregtigheid

Die voordele van geregtigheid

As ‘n gelowige het jy volle toegang tot Jesus se bediening, die Heilige Gees se bediening en alles wat die Vader het. Om van Hom te ontvang, moet jy net na die Woord toe gaan! Die enigste rede waarom ons sulke maklike teikens vir Satan is, is omdat ons nie ons regte en voorregte in Jesus Christus ken nie. Daarom neem hy so maklik gesag oor ons. Die Bybel sê ons het die gesag om op slange en skerpioene te trap en oor die mag van die vyand (Lukas 10:19).

Ons moet uitvind wat die Woord oor alles in die lewe sê, en dan moet ons in lyn daarmee leef. Ons moet ons gedagtes vernuwe en die krag van geregtigheid in ons lewens aktiveer.

As jy jou laat lei deur wat jy sien of voel, sal jy misluk. As jy jou op jou geregtigheid in Jesus Christus verlaat,

weet jy wat aan jou behoort en hoef jy nie onder siekte of enige duiwelse aanval gebuk te gaan nie. Jy kan die Woord oor genesing raadpleeg, dit vir jouself neem, en daarvolgens leef omdat dit jou Pa se Woord is.

Die Almagtige God is jou eie Pa! Jy is been van sy gebeente, gees van sy Gees en ‘n mede-erfgenaam van Jesus Christus. Jy leef in God se koninkryk. As jy hierdie dinge besef, word jy bewus van God wat in jou woon. Jy dink nie meer aan God as iemand wat miljoene kilometers ver weg is nie. Hy woon in jou!

Geregtigheid word dan ‘n krag wat ‘n kind van God se geloof ondersteun.

Geregtigheid word dan ‘n krag wat ‘n kind van God se geloof ondersteun. Die werklikheid van geregtigheid stel die gelowige in staat om die onmoontlike te doen. Jesus het by die graf van Lazarus gekom en gesê: “*Neem die steen weg.*” (Johannes 11:39). Hy het nooit in sy geloof gehuiwer nie.

Regdeur Jesus se bediening het Hy nooit ‘n gebrek aan geloof óf ‘n oorvloed van geloof getoon nie. Hy het bloot geweet wie Hy is en het die gesag tot sy beskikking ten volle gebruik. Jy sê dalk: “Ja, natuurlik het Hy – Hy was die Seun van God!”

Wel, wie is jy? Romeine 8:14 sê:” *Want almal wat*

deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.””

Ek het al die argument gehoor dat ons nie ons regte as kinders van God sal ontvang totdat ons in die hemel is nie. Tog sê Filippense 2:15-16: “*… sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van ‘n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld, deurdat julle die woord van die lewe vashou…”*

Daar is geen krom en verdraaide geslag in die hemel nie. Die enigste krom en verdraaide geslag is hier op die aarde, en dit is hier waar ons die seuns van God moet wees.

Ons word aangesê: “*Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was”* (Filippense 2:5). Jesus het nooit gewonder of Hy genoeg geloof het nie. Hy het bloot volgens sy regte in God se koninkryk opgetree. Die goddelike selfversekerdheid waarmee Hy na die ingang van Lasarus se graf toe geloop het, het sy onbewustelike regte verhouding met God – sy geregtigheidsbewussyn – gedemonstreer. Jesus het vir ons gewys wat geregtigheid werklik is.

Is dit redelik? Nee. Is dit eg? Ja – ongeag wat jou verstand sê – en dit wérk in ‘n Christen se lewe.

Kyk na die apostels ná Pinksterdag. Hulle was in die

regte verhouding met God, en dit was sigbaar in hulle lewens. Petrus het opgestaan en die Woord verkondig, en met volle vertroue bedien in die Naam van Jesus. Ná al sy mislukkings het hy besef God is lief vir hom en sy verlede is uitgewis. Hy was gevul met die Gees van God en het gedoen wat Joël geprofeteer het sou gebeur.

Die geregtigheid van God in Jesus Christus is die dryfveer agter ons geloof en stel ons in staat om in sy Naam te oorwin.

Die geregtigheid van God in Jesus Christus is die dryfveer agter ons geloof en stel ons in staat om in sy Naam te oorwin.

Jesus het op drie gebiede oor Satan getriomfeer. Eerstens, gedurende sy aardse bediening, het Hy vir Satan gesê: *"Daar is geskrywe…"* (Mattheüs 4:4,7,10) en Satan moes God se Woord gehoorsaam. Tweedens het Hy aan die kruis en deur sy opstanding vir Satan van sy krag gestroop en het Hy die sleutels van die hel en die dood by hom afgeneem.

Die derde en belangrikste gebied van Jesus se triomf oor Satan is sy oorwinning deur die nuwe geboorte (wedergeboorte). Satan het gedink dis vir God onmoontlik om – soos wat Jesus toe wel gedoen het – 'n

sondige mens in geregtigheid te verander, vir hom God se wapenrusting te gee en hom in staat te stel om te oorwin. Praat van oorwinning! Sonde verander in *geregtigheid*! Dood verander in *lewe*!

hoofstuktien

Die Triomf van Geregtigheid

hoofstuk**tien**

Die triomf van geregtigheid

Geregtigheid triomfeer in die aangesig van Satan en die hele wêreld. Geen duiwel in die hel is groot genoeg om dit te stop nie, en dit is beskikbaar aan “almal wat wil”. Almal is gelyk in God se oë. Almal het sy krag nodig.

Wanneer jy in Jesus se naam na God uitroep, ontvang Hy jou met ope arms en herskep Hy jou. Dan gee Hy jou sy geregtigheid en maak jou ‘n kragstasie van geloof! Dit gebeur daagliks met mense regoor die wêreld, ongeag wie hulle is en waar hulle vandaan kom.

God sien die gelowige as *geregverdig*. In 2 Korinthiërs 6:14 skryf Paulus: “*Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?”*

Hier verwys die Woord na gelowiges as geregtigheid

en lig, en na ongelowiges as ongeregtigheid en duisternis. Ons is die lig van die wêreld. Prys die Here!

As gelowiges het ons sy geregtigheid. Ons is die kroon van God se skepping! ‘n Wedergebore persoon is die wonderlikste skepping in die heelal! Die mens in sy natuurlike sondige staat was op pad hel toe. Volgens alle wette het hy verdien om veroordeel te word, maar God het ingegryp. Hy het Satan verslaan, en lewe heers nou oor die dood! Jesus het die Here en die Kampvegter vir ons redding geword. Hy het die Opsiener oor ons siele in die nuwe geboorte geword. Hy het ons sy geregtigheid – die vermoë om in sy Naam te oorwin – gegee, en nou leef ons in vrede met God.

Hy, wat geen sonde geken het nie, is sonde *gemaak*. Hy is met ons sonde belas sodat ons sy geregtigheid kon word. Ons sit nou in hemelse plekke saam met Hom – oorwinnaars in Hom! Dít is ware oorwinning.

Ons sit nou in hemelse plekke saam met Hom – oorwinnaars in Hom!

Ons buig nie maar net gedweë die knie voor God nie – ons verenig ons geloof met Syne en gee Hom die geleentheid om ‘n wonderwerk in ons harte te doen en ons te omskep in die geregtigheid van die Almagtige God!

Nou kan ons met vrymoedigheid na God se troon van genade gaan sonder ‘n sweempie vrees of selfveroordeling – en van ons Pa alles ontvang wat ons s’n is as ‘n nuwe skepping in Christus.

Gebed vir redding en die doop in die Heilige Gees

Hemelse Vader, ek kom na U toe in Jesus se Naam. U Woord sê:" En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" *(Handelinge 2:21). Ek roep U aan. Ek bid en vra dat Jesus in my hart sal inkom en die Here word oor my lewe in ooreenstemming met Romeine 10:9-10:"* As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word, want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding." *Ek doen dit nou. Ek bely Jesus is Here en ek glo dat God Hom opgewek het uit die dood.*

Ek is nou wedergebore! Ek is 'n Christen – 'n kind van die almagtige God! Ek is gered! U sê ook in u Woord: "As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?" (Luke 11:13). *Ek vra U ook om my te vul met die Heilige Gees. Heilige Gees, wel op in my terwyl ek God prys. Ek verwag ten volle om in ander tale te spreek soos wat U deur my daaraan uiting gee (Handelinge 2:4). In Jesus se Naam. Amen!*

Begin nou om God te prys vir die vervulling met die Heilige Gees. Spreek daardie woorde en klanke uit wat jy

ontvang – nie in jou eie taal nie, maar in die taal wat die Heilige Gees aan jou gee. Jy moet jou eie stem gebruik – God sal jou nie dwing om te praat nie. Moet jou nie steur aan hoe dit klink nie. Dit is ‘n hemelse taal!

Volhard in hierdie seëning wat God vir jou gegee het, en bid elke dag in die gees. Jy is ‘n wedergebore, Gees-vervulde gelowige. Jy sal nooit weer dieselfde wees nie!

Soek na ‘n goeie kerk wat God se Woord verkondig en gehoorsaam. Word deel van ‘n geestelike familie wat vir jou lief sal wees en vir jou sal omgee terwyl jy hulle ook liefhet en vir hulle omgee. Ons moet in verhouding met mekaar leef, want dit versterk ons. Dit is God se plan vir ons.

Kweek die gewoonte aan om gereeld na die *Believer’s Voice of Victory* televisie-uitsending te kyk. Word ‘n doener van die Woord wat suksesvol is in alles wat hy doen (Jakobus 1:22-25).

Omtrent die skrywer

Kenneth Copeland is medestigter en president van Kenneth Copeland Ministries in Fort Worth, Texas en die outeur van verskeie boeke, onder meer: *Managing God's Mutual Funds – Yours and His, Prosperity and Abundance, How to Discipline Your Flesh* en *Honor – Walking in Honesty, Truth and Integrity.*

Kenneth is reeds 38 jaar lank 'n prediker van die evangelie van Christus en leraar van God se Woord. Hy is ook 'n sanger wie se albums al toekennings verwerf het, soos byvoorbeeld sy Grammy-genomineerde *Only the Redeemed, In His Presence, He is Jehovah* en sy mees onlangse *Just a Closer Walk*. As akteur speel hy die karakter Wichita Slim in die kinderavontuur-video's *The Gunslinger, Covenant Rider* en *The Treasure of Eagle Mountain.* Hy is ook Daniel Lyon in die *Commander Kellie and the Superkids* video's *Armor of Light* en *Judgment*: *The Trial of Commander Kellie.*

Sy visie om die onvervalste Woord van God reg rondom die wêreld te verkondig, word ondersteun deur kantore en personeel in die VSA, Kanada, Suid-Afrika, Engeland, Australië en die Oekraine. Sy bediening bereik miljoene mense wêreldwyd deur daaglikse en Sondag- TV-uitsendings, tydskrifte, oudiokassette, video's, konferensies, veldtogte en die Internet.

Kom meer te wete oor
Kenneth Copeland Ministries
deur ons webtuiste te besoek
by **www.kcm.org**.

Boeke beskikbaar by Kenneth Copeland Ministries

Deur Kenneth Copeland

A Ceremony of Marriage
A Matter of Choice
Covenant of Blood
Faith and Patience – The Power Twins
Freedom From Fear
Giving And Receiving
Honor – Walking in Honesty, Truth and Integrity
How to Conquer Strife
How to Discipline Your Flesh
How to Receive Communion
Know Your Enemy
Living at the End Of Time – A Supernatural Increase
Love Never Fails
Managing God's Mutual Funds – Yours and His
Mercy – The Divine Rescue of the Human Race
Now Are We in Christ Jesus
One Nation Under God (geskenkboek met kompakskyf)
Our Covenant with God
Partnership – Sharing the Vision, Sharing the Grace
Prayer – Your Foundation for Success
Prosperity: The Choice Is Yours
Rumors of War
Sensitivity of Heart
Six Steps to Excellence in Ministry
Sorrow Not! Winning Over Grief and Sorrow
The Decision is Yours
The Force of Faith
The Force of Righteousness
The Image of God in You
The Laws of Prosperity
The Mercy of God (slegs in Spaans beskikbaar)
The Outpouring of the Spirit – The Result of Prayer
The Power of the Tongue
The Power to be Forever Free
The Winning Attitude
Turn Your Hurts Into Harvests
Walking in the Realm of the Miraculous
Welcome to the Family
You Are Healed!
Your Rightstanding with God

Deur Gloria Copeland

And Jesus Healed Them All
Are You Listening?
Are you Ready?
Be a Vessel of Honor
Build Your Financial Foundation
Fight On!
Go With The Flow
God's Prescription for Divine Health
God's Success Formula
God's Will for You
God's Will for Your Healing
God's Will Is Prosperity
God's Will Is the Holy Spirit
Harvest of Health
Hidden Treasures
Living Contact
Living in Heaven's Blessings Now
Looking for a Receiver
Love – The Secret to Your Success
No Deposit – No Return
Pleasing the Father
Pressing In – It's Worth It All
Shine On!
The Grace That Makes Us Holy
The Power To Live a New Life
The Protection of Angels
The Secret Place of God's Protection (geskenkboek met kompakskyf)
The Unbeatable Spirit of Faith
There is no High Like the Most High
This Same Jesus
To Know Him
Walk in the Spirit
Walk With God
Well Worth the Wait
Words That Heal (geskenkboek met kompakskyf)
Your Promise of Protection – The Power of the 91st Psalm

Boeke gesamentlik deur Kenneth en Gloria Copeland

Family Promises
Healing Promises
Prosperity Promises
Protection Promises

From Faith to Faith – A Daily Guide to Victory
From Faith to Faith – A Perpetual Calendar

One Word From God Can Change Your Destiny
One Word From God Can Change Your Family
One Word From God Can Change Your Finances
One Word From God Can Change Your Formula for Success
One Word From God Can Change Your Health
One Word From God Can Change Your Nation
One Word From God Can Change Your Prayer Life
One Word From God Can Change Your Relationships

Load Up – A Youth Devotional
Over The Edge – A Youth Devotional
Pursuit of His presence – A Daily Devotional
Pursuit of His presence – A Perpetual Calendar

Ander boeke wat deur KCP gepubliseer word

The First 30 Years – A Journey of Faith
    The story of the lives of Kenneth and Gloria Copeland.
Real People, Real Needs, Real Victories
    A book of testimonies to encourage faith.
John G. Lake – His Life, His Sermons, His Boldness of Faith
The Holiest of All by Andrew Murray
The New Testament in Modern Speech
    By Richard Francis Weymouth
The Rabbi From Burbank
    By Rabbi Isidor Zwirn and Bob Owen
Unchained by Mac Gober

Produkte vir vandag se kinders en jeug

And Jesus Healed Them All (belydenisboek en kompakskyf -geskenkpak)
Baby Praise Board Book
Baby Praise Christmas Board Book
Noah's Ark Coloring Book
The Best of *Shout!* Adventure Comics
The *Shout!* Giant Flip Coloring Book
The *Shout!* Joke Book
The *Shout!* Super-Activity Book
Wichita Slim's Campfire Stories

Commander Kellie and the Superkids$_{SM}$ boeke:

The SWORD Adventure Book
Commander Kellie and the Superkids$_{SM}$ Solve-It-Yourself Mysteries
Commander Kellie and the Superkids$_{SM}$ Adventure Series:
    Middle Grade Novels by Christopher P.N. Maselli:

#1 The Mysterious Presence

#2 The Quest for the Second Half
#3 Escape From Jungle Island
#4 In Pursuit of the Enemy
#5 Caged Rivalry
#6 Mystery of the Missing Link
#7 Out of Breath
#8 The Year Mashela Stole Christmas
#9 False Identity
#10 The Runaway Mission
#11 The Knight – time Rescue of
Commander Kellie

Internasionale kantore van Kenneth Copeland Ministries

Vir meer inligting oor KCM asook ‘n gratis katalogus,
skryf aan die kantoor naaste aan jou:

Kenneth Copeland Ministries
Fort Worth, Texas, 76192-0001

Kenneth Copeland
Locked Bag 2600
Mansfield Delivery Centre
QUEENSLAND 4122
AUSTRALIA

Kenneth Copeland
Post Office
BATH
BA1 3XN
VEREENIGDE
KONINGKRYKE

Kenneth Copeland
Privaatsak X909
Fontainebleau
2032
REPUBLIEK VAN
SUID-AFRIKA

Kenneth Copeland
PO Box 3111
STN LCD1
Langley BC V3A 4R3
KANADA

Kenneth Copeland Ministries
Post Office Box 84
L’VIV 79000
OEKRAINE

Ons is hier vir jou!

Believer's Voice of Victory televisie-uitsending

Skakel in op Kenneth en Gloria Copeland se *Believer's Voice of Victory* -uitsendings elke week, Maandag tot Vrydag en op Sondae, en leer hoe geloof in God se Woord jou van 'n gewone na 'n buitengewone lewe kan neem. Die lering van God se Woord word só aangebied om jou te kry waar jy graag wil wees – *heel bo!*

Die *Believer's Voice of Victory* is te sien op DSTV se TBN-kanaal asook op GOD Channel.

Vergelyk plaaslike programgidse vir tye en kanale.

Believer's Voice of Victory -tydskrif

Laat Kenneth en Gloria Copeland en 'n verskeidenheid van gasskrywers jou inspireer, onderrig en bemoedig in die maandelikse *Believer's Voice of Victory* -tydskrif. Dit sluit ook ware verhale in van God se wonderwerkende krag en goddelike ingryping in die lewens van mense net soos jy!

Dit is meer as 'n tydskrif – dit is 'n bediening.

Shout! – die *Voice of Victory* vir kinders

Shout! Dié dinamiese tydskrif vir kinders is 'n Bybel-gefundeerde, aksiebelaaide kwartaallikse tydskrif vir kinders wat GRATIS beskikbaar is. *Shout*! is propvol kleurvolle avontuurlustige tekenprente, uitdagende speletjies, raaisels, opwindende kortverhale, self-ontrafel-geheimenisse en nog baie meer, soos die verskyning van *Wichita Slim* en *Commander Kellie and the Superkids.*

Staan op, teken in en wees gereed om te *Shout*!

Om GRATIS in te teken op *Believer's Voice of Victory* of *Shout*!, skryf aan:

Kenneth Copeland
Privaatsak X909
Fontainebleau 2032
Republiek van Suid-Afrika

Of skakel: +27 11 699 7700